# Onrus en Geweld: 2009 (1)

## Algemeen

Een van die gebeure wat die grootste opspraak tydens die verslagtydperk gelewer het, was die ontbinding van die sogenaamde Skerpioene (Direktoraat van Spesiale Operasies). Die ontbinding het tot hewige kritiek en hofsake aanleiding gee. Daar is onder meer beweer dat Suid-Afrika nie langer sy verpligting teenoor die wêreld ‒ om internasionale georganiseerde misdaad te help bekamp ‒ sal kan nakom nie (sien bv *Legalbrief Today* (2008-11-04) www.legalbrief.co.za).

Statistiek wat deur 'n politieke party vrygestel is, toon aan dat slegs 6% van alle sake wat by die Polisiediens aangemeld word tot skuldigbevindings lei. Slegs 33% van alle aangemelde sake word verhoor (*Legalbrief Today* (2008-09-22)). Volgens 'n onafhanklike verslag wat in Gauteng oor verkragting onderneem is, is bevind dat net een uit elke 25 verkragtingsake wat aangemeld word, tot 'n skuldigbevinding lei. Een uit elke agt verdagtes is jonger as 17 jaar. In meer as 'n derde van die 2 068 sake wat ondersoek is, was die slagoffers kinders onder die ouderdom van 17 jaar, terwyl meisies en babas onder die ouderdom van sewe jaar 14,6% van die slagoffers uitgemaak het (*Legalbrief Today* (2008-10-27)).

Daarteenoor het die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) statistiek vrygestel dat 85.9% van alle vervolgings in die tydperk April 2007 tot 31 Maart 2008 tot skuldigbevindings gelei het. In die Hooggeregshof was daar 1 081 sake waarvan 987 tot skuldigbevindings gelei het (91%) en in die distrikshowe is 259 571 sake verhoor waarvan 227 482 tot skuldigbevindings gelei het (88%). In die streekhowe was die persentasie skuldigbevindings 73%. Van die 1 943 sake wat deur die Spesiale Ondersoekeenheid ondersoek is en waar vervolging ingestel is, was daar in 1232 sake skuldigbevindings (94.12%) (*Legalbrief Today* (2008-10-03)). Aan die teenkant was daar 'n toename in die aantal polisiedossiere wat verlore geraak het. In 2005/6 het 382 dossiere verdwyn of is gesteel, terwyl die aantal in 2008/9 tot 668 gestyg het (*Legalbrief Today* (2009-03-16)).

Daar is aangekondig dat daar nog 18 howe gedurende die volgende vyf jaar gebou gaan word - hierdie howe sal veral in die landelike gebiede opgerig word (*Legalbrief Today* (2009-03-23)).

Gedurende parlementêre openbare verhore oor die hersiening van die strafregstelsel is daar verskeie klagtes teen die polisie ingebring. Persone in die Wes-Kaap het gekla dat die persone van die Polisiediens omkoopgeld ontvang en dat van die Polisie selfs dwelms verkoop. *Human Rights Watch* het in dié nie-regeringsorganisasie se wêreldverslag die Suid-Afrikaanse regering veroordeel omdat hulle nie werklik toesien dat mense se regte beskerm word nie. Suid-Afrika word ook daarvan beskuldig dat dié land sy posisie in die VN Veiligheidsraad misbruik om menseregskenders van Soedan en Zimbabwe te beskerm (sien *Legalbrief Today* (2009-01-16)).

Die manier waarop die Suid-Afrikaanse Polisiediens se 'VIP Protection Unit' teenoor individue optree, is ernstig gekritiseer; klagtes wat teen dié eenheid ingebring word, word oënskynlik ook nie deur die Polisiediens gehanteer nie (*Legalbrief Today* (2009-02-27); (2009-02-26); (2009-02-24)). Dit blyk dat lede nie vervolg word nie, al word klagtes ook ingedien (*Legalbrief Today* (2009-01-09); (2009-01-08)). Daar is bewerings dat lede van die KwaZulu-Natal Polisiediens aangehoudenes op soortgelyke wyse as gedurende die apartheidsera martel (*Legalbrief Today* (2009-02-27)). Die gemeenskap van KwaZulu-Natal is ook nie altyd tevrede met die afdwinging van gesag in hulle omgewing nie en gevolglik het 'n groep 'selfhelp' toegepas en drie persone wat van inbraak en roof in die omgewing verdink was, doodgemaak. Daar is ook drie huise afgebrand (*Legalbrief Today* (2009-02-27)). Verder is verskeie leerders van 'n hoërskool en 'n onderwyser geskors weens gewelddadige ontgroeningspraktyke (*Legalbrief Today* (2009-02-24)).

2 159 militêre verhore is teen Suid-Afrikaanse soldate wat by vredesoperasies in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Burundi en Soedan betrokke was, ingestel. Die oortredings sluit onder meer in: moord, verkragting, aanranding en die weiering om bevele te gehoorsaam. Daar is tans 2 739 troepe wat in Afrika aan VN en AU vredesoperasies deelneem (*Legalbrief Today* (2009-05-04)).

Heelwat klagtes is ontvang oor die toestand in kampe waar onwettige immigrante by Musina, asook vlugtelinge van vreemdelingehaat, aangehou word (*Legalbrief Today* (2009-03-25); (2009-01-13)).

'n Koalisie van burgerlike samelewingsorganisasies het by die Hooggeregshof aansoek gedoen vir 'n interim interdik sodat slagoffers van apartheidsmisdade ook voorleggings mag doen ten opsigte van beoogde kwytskeldings. Dit kom nadat President Kgalema Motlanthe beoog het om meer as 100 kwytskeldings te verleen (Sapa 'Court reserves judgment on pardons bid' *Daily News* (2009-04-15) 5).

In hierdie aantekening word die vernaamste maatreëls ten aansien van waarheid en versoening, die veiligheids- en korrektiewe dienste,

wapens en terrorisme in die verslagtydperk bespreek.[1]

## Waarheid en Versoening

Tien jaar na die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het slagoffers van growwe menseregteskendings nog steeds nie hulle vergoeding ontvang nie. Die voormalige Minister van Justisie, Minister Surty, het die Departement opdrag gegee om teen Februarie 2009 voorstelle aan die kabinet voor te lê sodat die geld teen Junie 2009 versprei kan word. Teen Oktober 2008 was R850 miljoen van die Presidentsfonds nog nie uitbetaal nie (*Legalbrief Today* (2008-10-31)).

Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het 'n konsepbeleid vir kommentaar gepubliseer oor die opgrawing van persone wat as vermis aangemeld is tydens verhore van die WVK (AK 1539 in *SK* 31723 of 2008-12-13). Ongeveer 500 persone wat as vermis aangemeld is, se sake is nog nooit opgelos nie. Die President het in April 2003 'n taakspan wat by die NV gesetel is, aangestel om ondersoek in te stel na persone wat tydens die tydperk 1 Maart 1960 tot 10 Mei 1994 vermis geraak het. Ongeveer 54 opgrawings is sedertdien gedoen, maar daar was 'n behoefte om 'n beleid daar te stel oor die wyse waarop die opgrawings gedoen moet word (agtergrond tot die beleid). Die doelwitte van die voorgestelde beleid is onder meer om toe te sien dat historiese gedenkwaardigheidbeginsels nagekom word; dat die oorskot met waardigheid hanteer sal word; dat die families van die slagoffer by die proses betrek sal word en dat die oorskot aan hulle oorhandig sal word vir 'n behoorlike begrafnis.

Die beleid is net van toepassing op persone wat by die Kommissie as vermis aangemeld is en daar word vier kategorieë onderskei, naamlik persone wat vermis geraak het deurdat hulle onder dwang weggeneem is, persone wat in ballingskap vermis geraak het, persone wat tydens onrus vermis geraak het en persone wat as gevolg van 'n onbepaalde rede vermis geraak het (para 5). 'n Opgrawingskomitee moet as oorsigkomitee dien (para 7). Daar word aan verskillende staatsinstansies verskillende take ten aansien van die opgawings opgelê (para 8). Die staatsinstansies sluit onder meer die Departement van Justisie, die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbronagentskap, die Vryheidsparktrust, die Departement van Sosiale Ontwikkeling, die Departement van Binnelandse Sake en die Departement van Gesondheid in. Daar is verder ook konsepregu-

---

[1]In hierdie joernaal word die belangrikste literatuur, wetgewing en hofbeslissings vir die periode 2008-09-15 tot 2009-04-15 bespreek.

lasies oor opgrawings, herbegrawings en simboliese begrawings vir kommentaar gepubliseer (AK 1540 in *SK* 31723 van 2009-12-12).

In die saak *Nkadimeng v The National Director of Public Prosecutions* (saak nr 32709/07 (TPA) gelewer op 12 Desember 2008) is die applikante onder meer familielede van persone wat tydens die apartheidsera verdwyn het, of wat deur die destydse veiligheidsdienste wreedaardig vermoor is. Die oorledenes sluit onder meer die sogenaamde 'Cradock Four' en Nokuthula Simelane in. Nokuthula Simelane se liggaam is nog steeds nie gevind nie. Gedurende die verhore voor die WVK is verskeie veiligheidspersoneel geïmpliseer wat nog nie vervolg is nie (paras 1-2). Die respondent is die Direkteur van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) wat in samewerking met die Minister van Justisie die vervolgingsbeleid moet bepaal (paras 4-6; a 179(5) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996). Die vervolgingsbeleid maak onder meer voorsiening dat persone vervolg kan word aan wie die WVK nie amnestie verleen het nie, asook persone wat besluit het om nie om amnestie aansoek te doen nie. In 2005 is hierdie beleid gewysig deur paragraaf 8A en aanhangsel A in te voeg (paras 7-9). Volgens dié wysiging kan persone wat hulle optredes in die verlede aan die NVG openbaar en die NVG behulpsaam is met ondersoeke na menseregteskendings, gevrywaar word van vervolgings. Die applikante teken beswaar teen die beleid aan omdat dit die NVG die bevoegdheid gee om mense van vervolging te vrywaar en dat die beleid strydig is met die Grondwet, internasionale reg, staatsoewereiniteit en die bepalings van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000 ('Promotion of Administrative Justice Act') (PAJA)) (para 9). Die hof oorweeg drie vrae: (a) of die aansoek akademies is en dalk voortydig aanhanging gemaak is, (b) of die beleidswysigings neerkom op amnestie of 'n voorsetting van die WVK; en (c) of die besluit om nie te vervolg nie wel op amnestie of 'n voorsetting van die WVK neerkom? Die hof het bevind dat die prosedure wat oor die vervolgingbesluit handel ongrondwetlik is (para 15). Die hof het ook bevind dat die applikante die reg het om die hof te nader al word hulle nog nie direk benadeel nie (para 16).

In 'n mosie-aansoek, *Centre for the Study of Violence and Reconciliation v The President of the Republic of South Africa* ( saak no 15320/09 (NGH) gelewer op 2009-04-28), het die applikante by die hof om 'n dringende interdik aansoek gedoen om die President te verhoed om presidensiële kwytskelding aan politieke gevangenes te verleen sonder dat die persone wat moontlik deur sodanige kwytskelding geraak kon word, vertoë in die verband gelewer het. Die President het op die voorstelle van 'n verwysingskomitee wat uit lede van verskillende politieke

partye bestaan, gehandel. Die komitee se sittings was agter geslote deure. Die komitee het geen inligting verstrek oor wie aansoek gedoen het, op watter gronde hulle aansoek gedoen het, watter aansoeke suksesvol was of op watter voorwaardes kwytskelding verleen is nie. Die President het ook geweier om enige inligting in die verband bekend te maak. Gedurende 2008 het die applikant die name van die aansoekers verkry deur van die Wet op die Toegang tot Bevordering van Inligting 2 van 2000 gebruik te maak. Van die name op die lys was Ferdi Barnard (wat David Webster vermoor het), Genl Johann van der Merwe, ander voormalige polisie-generaals en eertydse minister Adriaan Vlok. Verskeie nie-regeringsorganisasies het by die verwysingskomitee beswaar aangeteken en daar is later met lede van die komitee gesprek gevoer. Dit het geblyk dat uit die 171 aansoeke slegs 16 aansoeke vir oorweging na die President gestuur is. Die name is nie bekend gemaak nie. Die komitee is versoek om die slagoffers of hulle familie in dié verband te ken. Die komitee het aanbeveel dat verdere vertoë na die President gestuur word. Die Menseregte- kommissie het soortgelyke vertoë na die President gestuur. Verdere korrespondensie is met die verwysingskomitee en politieke verteenwoordigers gevoer. Die President het in Maart 2009 te kenne gegee dat slagoffers of derdepartye nie kragtens artikel 84(2)(j) van die Grondwet 'n reg het om aangehoor te word nie en dat hulle belange tydens die verhoor van die beskuldigdes inaggeneem was. Die applikante het deurgaans daarna verwys dat President Mbeki by die instelling van die verwysingskomitee in November 2007 aangedui het dat die proses deursigtig sou wees en deur die beginsels van die WVK gelei sou word.

Die hof het bevind dat presidensiële kwytskelding administratiewe optrede volgens die omskrywing daarvan in artikel 1 van PAJA is. Die hof het verder beslis dat in die geval van parool, die slagoffers wel 'n reg het om aangehoor te word en dat hulle 'n soortgelyke reg behoort te hê wanneer kwytskelding ter sprake is. Die President het hom verder in die openbaar verbind aan 'n deursigtige proses. Die hof het 'n interdik verleen om die President te verhoed om vir enige politieke oortreding kwytskelding te verleen, verder dat die name van die persone wat vir kwyskelding aanbeveel is, bekend gemaak word en dat die applikante voorleggings kan maak oor die moontlike kwytskelding van die persone.

Die hof het verder bevind dat die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl (HHA) in *Minister of Constitutional Development v Chonco* (saakno 159/08 (2009) ZASCA 31 gelewer op 2009-03-30) nie deur die betrokke saak geraak is nie omdat die posisie van slagoffers nie in daardie saak

(die *Chonco*-saak) ter sprake gekom het nie. In die *Chonco*-gewysde het die hof die President beveel om binne drie maande sy kwytskeldingsbevoegdheid ingevolge artikel 84(2)(j) van die Grondwet uit te oefen. Die hof was van mening dat die slagoffers steeds aangehoor kon word en dat dit nie die President van sy grondwetlike bevoegdheid ontneem het nie. In *Chonco* het die Minister van Justisie geappelleer teen die bevel van Seriti R (in die TPA) maar die HHA het die bevel bevestig. Chonco en 383 ander politieke gevangenes het nie om amnestie aansoek gedoen nie omdat hulle só deur die IVP geadviseer is. Hulle het reeds vier jaar gelede om presidensiële kwytskelding aansoek gedoen (paras 1-2). Die Minister van Justisie het op die stadium van die hofaansoek nog geen aanbevelings aan die President gemaak nie en sy het op geen stadium op enige versoeke van die partye gereageer nie. Die hof het bevind dat daar 'n grondwetlike verpligting op die Minister rus om die President in staat te stel om sy bevoegdheid ingevolge artikel 84(2)(j) van die Grondwet uit te voer (para 42). Die HHA meld egter, in teenstelling met die hof se bevinding in die *Centre for the Study of Violence*-saak hierbo, dat die President se uitoefening van 'n kwytskeldingsbevoegdheid 'n uitvoerende bevoegdheid is. Die hof het egter nie die presidensiële optrede aan PAJA getoets nie (para 42).

# Veiligheidsdienste

## *Polisiediens*

In *Hugh Glenister v President of the Republic of South Africa* (CCT 41/08 [2008] ZACC 19) het die Konstitusionele Hof beslis dat dit nie oor die jurisdiksie beskik het om uitspraak te lewer op 'n kabinetsbesluit ten aansien van konsepwetgewing wat op daardie stadium nog steeds in die Parlement onder bespreking was nie. Die applikant het in die hof *a quo* aansoek gedoen vir die nietigverklaring van die wetgewing wat die Direktoraat van Spesiale Operasies (DSO) sou ophef. Die Hooggeregshof het 'n aantal politieke partye as *amici curiae* toegelaat (in die Konstitusionele Hof was hulle respondente). Die Hooggeregshof het beslis dat dit nie oor die nodige jurisdiksie beskik het om die aangeleentheid aan te hoor nie.

Die applikant het om beide verlof tot appèl en om direkte toegang tot die Konstitusionele Hof aansoek gedoen. Nieteenstaande die applikant se bewering dat die aangeleentheid verreikende en onomkeerbare negatiewe implikasies sou hê, sou die Konstitusionele Hof besluit dat die aansoek nie vir aanhoor ontvanklik is nie, het die Hof in 'n eenparige uitspraak beslis dat die skeiding van magte-leerstuk by implikasie deel is

van die 1996 Grondwet. Dit beteken dat die kabinetsbesluit ten opsigte van die betrokke wetgewing, die opstel van die wetsontwerp en die indiening daarvan deel is van die taak van die uitvoerende gesag. Die oorweging en aanvaarding of verwerping (na moontlike wysiging) van wetgewing deur die Parlement is deel van die wetgewende gesag se take. Die Hof laat hom soos volg uit ten opsigte van die leerstuk van die skeiding van magte (ook bekend as ***trias politica***):

> Whether this Court should intervene at this stage must therefore be guided by the principle of separation of powers. The principle of checks and balances focuses on the desirability that the constitutional order, as a totality, prevent the branches of government from usurping power from one another. The system of checks and balances operates as a safeguard to ensure that each branch of government performs its constitutionally allocated function and that it does so consistently with the Constitution (para 35).

Die Hof het drie vrae gestel om te bepaal of die nodige jurisdiksie in die betrokke geval bestaan het (para 36): (a) kan die howe inmeng in die wetgewende proses indien dit nog nie afgehandel is nie; (b) indien die antwoord op (a) bevestigend is, onder watter omstandighede sou inmenging geregverdig wees en (c) is die omstandighede waarna in (b) verwys is, teenwoordig in die betrokke saak? Ten aansien van (a) beslis die Hof dat howe normaalweg nie sal inmeng in die funksionering van die Parlement nie (para 39). Die Hof het dit egter nie nodig gevind om vir doeleindes van die uitspraak 'n finale standpunt hieroor in te neem nie (para 41), maar was argumentsonthalwe bereid om te aanvaar dat 'n hof in parlementêre prosesse mag inmeng. Met betrekking tot (b) verwys die Hof na twee beginsels: die Grondwet vereis, eerstens, dat die howe moet verseker dat die uitvoerende, regsprekende en wetgewende gesag binne die reg optree, en tweedens, dat die howe nie met die outonomie van die wetgewende gesag en die uitvoerende gesag tydens die wetgewende proses mag inmeng nie (para 42). Die Hof het die volgende toets aangelê:

> In my view, having regard to the doctrine of separation of powers under our constitutional order, this test would be the appropriate test to apply. Intervention would only be appropriate if an applicant can show that there would be no effective remedy available to him or her once the legislative process is complete, as the unlawful conduct will have achieved its object in the course of the process. The applicant must show that the resultant harm will be material and irreversible. Such an approach takes account of the proper role of the courts in our constitutional order: While duty-bound to safeguard the Constitution, they are also required not to encroach on the powers of the executive and legislature. This is a formidable burden facing the applicant (para 44).

Die Hof het dit nie nodig gevind om die begrip 'exceptional circumstances' nader te omskryf nie, en het beslis dat dit telkens van die feite van 'n betrokke saak sal afhang (para 47). In die beantwoording van die derde vraag (c) het die Hof beslis (paras 50–57) dat die redes vir die aansoek nie aan die vereiste voldoen het nie dat dit [moes] 'demonstrate material and irreversible harm that could not be remedied once the legislation has been enacted' (para 49). Die volgende redes is deur die Hof aangevoer, naamlik dat die Parlement nog steeds wesenlike wysiging aan die konsepwetgewing kon aanbring en selfs kon besluit het om nie die wetsontwerp te aanvaar nie (para 51). Die kousale verband tussen die besluit van die uitvoerende gesag om die wetgewing by die Parlement in te dien en die feit dat 'n groot aantal lede van die DSO bedank het, is nie duidelik aangetoon nie; 'the level of staff turnover ... cannot be said to be so high as to constitute material and irreversible harm sufficient to warrant intervention' (para 52). Die vervanging van die DSO met 'n, na bewering, disfunksionele eenheid (die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)) is nie 'n voldoende grond vir inmenging deur die Hof nie, aangesien gepaste regshulp later aangevra kan word ('appropriate relief can be sought in due course' (para 53)). Dit is nie ongrondwetlik dat die Kabinet uitvoering gee aan die beleid van die regerende party nie. Indien die onderhawige wetgewing, na aanvaarding deur die Parlement, in stryd met die Grondwet is, sal regshulp beskikbaar wees en die wetgewing mag dan deur die Hof ongeldig verklaar word (para 54). Die Hof mag nie bevoegdhede wat nie in die Grondwet omskryf is nie, op homself neem nie (para 55). Ten aansien van die argument dat die wetsontwerp 'n wesenlike bedeiging vir die onafhanklikheid van die NVG is, stel die Hof hom op die standpunt dat die Hof nie op hierdie stadium (terwyl die proses van wetgewing maak nog nie voltooi is nie) 'n aanname kan maak dat die Parlement nie sy grondwetlike pligte sal nakom nie:

> I must proceed on the basis that Parliament will observe its constitutional duties rigorously. If it is correct that the draft legislation does threaten structural harm to the Constitution or the institution of the NPA, something which I expressly refrain from deciding, then Parliament will be under a duty to prevent that harm (para 56).

Die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 57 van 2008 het op 20 Februarie 2009 in werking getree (Prok 9 in *SK* 31887 van 2009-02-19). Die Wysigingswet inkorporeer die sogenaamde DSO se werksaamhede in dié van die SAPD. 'n Afsonderlike *Directorate for Priority Crime Investigation* word gestig. Die doel van die Direktoraat is om prioriteitmisdade te ondersoek of enige ander sake wat van tyd

tot tyd deur die Nasionale Kommissaris van Polisie na hulle verwys kan word (a 17D). Die hoof van die Direktoraat bepaal na aanleiding van beleidsoorwegings wat deur 'n ministeriële komitee bepaal is, wat 'n prioriteitmisdaad is. Indien daar tydens die ondersoek inligting na vore kom wat daarop dui dat 'n misdaad gepleeg is en wat in die openbare belang ondersoek moet word, mag hy of sy die ondersoek na hierdie misdaad uitbrei. In sodanige geval moet die NVG in kennis gestel word om 'n ondersoeker ingevolge artikel 28 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag 32 van 1998 aan te wys.

Die Ministeriële Komitee bestaan uit die Ministers van Veiligheid en Sekuriteit, Finansies, Binnelandse Sake, Intelligensie, Justisie en enige ander minister wat van tyd tot tyd deur die President aangewys kan word (a 17I). 'n Operasionele komitee word ingevolge artikel 17J aangestel om die optrede van staatsdepartemente te hersien en aan hulle bystand te verleen. Die Parlement word as waghond aangestel (a 17K). Die Minister moet in samewerking met die Minister van Justisie en die Hoofregter 'n afgetrede regter aanwys om enige besware of klagtes oor die optrede of nie-optrede van die Direktoraat aan te hoor (a 17L).

Alle lede van die Direktoraat moet 'n sekerheidsklaring verkry (a 17E). Indien die misdaad multi-dissiplinêr van aard is, mag die hoof van die Direktoraat versoek dat lede van ander staatsdepartemente na die Direktoraat gesekondeer word (a 17F).

Die Wysigingswet op die Nasionale Vervolgingsgesag 56 van 2008 is verder aanvaar om daarmee die bepalings rakende die DSO te herroep (*SK* 31856 van 2009-01-30).

Die Departement van Veiligheid en Sekuriteit se strategiese plan vir die SAPD vir 2005 tot 2010 lê vier strategiese prioriteite vir die mediumtermyn uiteen: die bevegting van georganiseerde misdaad (met 'n fokus op dwelm- en vuurwapenhandel, voertuigdiefstal en kaping, kommersiële misdaad en korrupsie); die bevegting van ernstige en geweldsmisdade (dmv strategieë wat die proliferasie van vuurwapens teenwerk, die veiligheid en sekuriteit van hoë misdaadgebiede verbeter, taxi- en bendegeweld asook faksiegevegte bekamp, en sekuriteit by groot openbare geleentheide handhaaf); die bevegting van misdaad teen vroue en kinders (met die fokus op verkragting, huishoudelike geweld, aanranding en kindermishan-deling); en die verbetering van basiese dienstelewering deur die SAPD. Die strategiese prioriteite vir 2009/2010 word in die volgende dokument uiteengesit: (http://www.saps.gov.za/saps_profile/strategic_framework/strategic_plan/2009_2010/annual_perf_plan.pdf).

Die tweede sleutelprogram fokus op sigbare polisiëring. Polisiestasies moet in staat gestel word om veiligheid en sekuriteit

daar te stel en te behou, om gespesialiseerde intervensie te voorsien en om Suid-Afrika se grenslyne te polisieer. Die sleutel-doelwit van die program is die ontmoediging van alle misdade deur die verskaffing van pro-aktiewe en reaktiewe polisiedienste wat die hoë vlakke van prioriteitsmisdaad sal afbring. 'n Verskeidenheid prioriteite is vir hierdie program geïdentifiseer.

Speurdienste is die Departement se derde sleutelprogram. Dit het ten doel om die ondersoekwerk van die SAPD (insluitend die verskaffing van ondersteuning aan ondersoekbeamptes tov forensiese bewysmateriaal en die Kriminele Rekordsentrum) moontlik te maak. Die doelwit van die program is om tot die suksesvolle vervolging van misdaad 'n bydrae te lewer deur ondersoeke, asook die insameling en analisering van bewyse, om sodoende die opsporing van prioriteitsmisdaadplegers te verhoog. Die volgende prioriteite is geïdentifiseer: Om bewyse te ondersoek, te versamel en te analiseer; om vingerafdrukbewyse te verskaf; en om forensiese bewysmateriaal te verskaf.

Die vierde sleutelprogram fokus op misdaadintelligensie. Dit het die bestuur van misdaadintelligensie, die analise van misdaadinligting, en die voorsiening van tegniese ondersteuning vir ondersoeke en misdaadsvoorkomingsaktiwiteite ten doel. Die hoofdoelwit is die lewering van 'n bydrae tot die neutralisering van misdaad deur middel van die versameling, vergelyking en analisering van inligting wat tot 'n vervolgbare polisie-aktiwiteit kan lei. Die geïdentifiseerde prioriteit van die program is om misdaadintelligensie-operasies of ondersoeke te doen ten opsigte van kontak- en kontakverwante misdade, eiendomsverwante en ander ernstige misdade, asook misdade wat afhanklik is van polisieaksie vir opsporing.

Beskermings- en sekuriteitsdienste is die vyfde sleutelprogram. Die doel hiervan is om beskerming en sekuriteitsdienste aan alle geïdentifiseerde hooggeplaaste persone en regeringsbelange te voorsien. Die sleuteldoelwit is om sekuriteitsoortredings te minimaliseer deur buitelandse en binnelandse belangrike persone te beskerm en strategiese belange te beveilig.

Die dokument sit die Departement se mikpunte met betrekking tot skuldigbevindingsyfers uiteen. Die volgende persentasies dien as voorbeelde: 14 % ten opsigte van moord, 13% ten opsigte van poging tot moord, 11% ten opsigte van roof met verswarende omstandighede, 16% ten opsigte van gewone roof, 24% ten opsigte van aanranding met die doel om ernstig te beseer, en 29% ten opsigte van gewone aanranding.

Die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) se strategiese plan vir 2008-2011 (http://www.icd.gov.za/documents/2008/ICD%20Strategic%

20Plan%202008-2011.pdf) bevat 'n strategiese oorsig van, asook die sleutelontwikkelinge vir, die tydperk 2004/05 tot 2010/11. Die statutêre mandaat van die OKD behels onder meer die ondersoek van alle sterftes in polisie-aanhouding of as gevolg van polisie-optrede, sowel as kriminele oortredings wat na bewering deur lede van die SAPD en die Munisipale Polisiedienste (MPD) gepleeg is. Om aan hierdie mandaat te voldoen verhoog die OKD toeganklikheid vir gemeenskappe deur satellietkantore in die provinsies te open en sy ondersoekvermoë te verhoog deur gepaste personeel as ondersoekers op te lei. Die OKD het vordering gemaak met sy herstrukturerings-program, wat onder meer die posbenaming van monitors en saakanaliste na ondersoekers en assistentondersoekers sal verander. In 2007/2008 het die OKD sy eerste twee satellietkantore in Mthatha (Oos-Kaap) en Richardsbaai (KwaZulu-Natal) geopen. Kantore is ook in 2008/2009 in die Vrystaat, Noord-Kaap, Limpopo en Noordwes geopen. Volgens die OKD-verslag het die aantal kriminele oortredings deur lede van die SAPD gepleeg vanaf 1 643 in 2005/06 na 1 787 in 2006/07 vermeerder, maar die aantal voorvalle van polisiewangedrag het vanaf 5 903 in 2003/04 na 5 412 in 2006/07 gedaal.

## Korrektiewe dienste

Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 25 van 2008 is op 2008-11-11 gepubliseer (*SK* 31593 van 2008-11-11). Die wet vervang alle verwysings na 'gevangenes' na 'ingehoudenes' om sodoende ook verhoorafwagtendes in te sluit. Verwysings na 'gevangenis' word met die term 'korrektiewe sentrum' vervang.

Die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste mag gemeenskapsorganisasies, nie-regeringsorganisasies en godsdienstige denominasies toelaat om ingehoudenes te besoek ten einde die rehabilitasie en integrasie van oortreders in die gemeenskap te vergemaklik. Die instansies moet egter by die Departement van Korrektiewe Dienste registreer en die lede wat die ingehoudenes besoek, moet deur die Nasionale Kommissaris gekeur word (a 13(7) ingevoeg deur a 9).

Waar vroulike ingehoudenes vroeër toegelaat was om kinders tot op die ouderdom van vyf jaar by hulle te hou, word die ouderdom verlaag na twee jaar en word daar bygevoeg dat 'n ander ouderdom bepaal kan word indien dit in die beste belang van die kind sou wees (a 20 gewysig deur a 14).

'n Korrektiewe beampte mag slegs minimum-geweld gebruik om ingehoudenes te beheer indien daar geen ander middels beskikbaar is nie (a 32(1) gewysig deur a 26), maar sodanige optrede moet

onmiddellik aan die Inspekterende Regter gerapporteer word (a 32(5) ingevoeg deur a 26).

Artikel 37(1A) (ingevoeg deur a 29) beoog dat die Departement 'n bestuursregime sal toepas wat onder meer goeie kommunikasie tussen korrektiewe beamptes en ingehoudenes sal bewerkstellig, asook 'n 'genesende, ontwikkelende en menseregtebenadering tot gevonniste oortreders'. Wanneer 'n gevonniste oortreder in 'n korrektiewe sentrum opgeneem word, word sodanige oortreder geëvalueer (a 38(1)). Die Gevallebestuurskomitee moet vir elke oortreder 'n vonnisplan opstel om die toekoms van persone wat 24 maande of meer aangehou sal word, te bepaal. In die vonnisplan moet die volgende onder meer oorweeg word: die risiko's en behoeftes van die ingehoudene na aanleiding van 'n diepgaande risiko-evaluering, dienste en programme om die omstandighede wat tot die misdaad gelei het te ondervang, programme om die ingehoudene se sosiale vaardighede te verbeter en tydsraamwerke vir die aanbieding van die programme (a 38(1A) ingevoeg deur a 30). Die werk wat 'n ingehoudene doen moet sover moontlik daarop gerig wees om die ingehoudene vaardighede te leer wat hy of sy kan aanwend om geld te verdien na ontslag uit die korrektiewe sentrum (a 40(1)(b)). Artikel 50 van die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998 word gewysig om ook voorsiening te maak vir die rehabilitasie van oortreders wat korrektiewe gemeenskapsdiens ondergaan (subartikels ingevoeg deur a 39).

Die Korrektiewe Toesig- en Paroolraad kan 'n datum bepaal waarop 'n gevonniste oortreder onder korrektiewe toesig geplaas kan word. Persone wat lewenslange gevangenisstraf opgelê is, kan ook vir korrektiewe toesig kwalifiseer. In hulle geval moet die Minister egter die datum vir korrektiewe toesig bepaal(a 73(5)(a) gewysig deur a 48). Die Nasionale Raad moet in oorleg met die Nasionale Kommissaris die minimum tydperke bepaal waartydens gevonniste oortreders aangehou kan word voordat hulle vir korrektiewe gemeenskapsdiens oorweeg kan word (a 73A gelees met a 73(6)-(7) - gewysig deur arts 48(c) en 49). 'n Opsluitingsraamwerk moet opgestel word waarin onder andere, die tydperk van aanhouding met die erns van die misdaad in verband gebring word, asook vir die konsekwente toepassing van die raamwerk (a 73A(2)).

Die Nasionale Kommissaris moet onder meer deur middel van interne ouditering, inspeksies en ondersoeke voldoening aan die voorskrifte van die wet beheer (a 95 gewysig deur a 69). Die Nasionale Kommissaris moet verder 'n ondersoekeenheid instel om bedrog, diefstal en korrupsie deur korrektiewe beamptes te ondersoek (a 95A ingevoeg deur a 70) en 'n eenheid daarstel om dissiplinêre verrigtinge in dié verband te hanteer (a 95B). Die Nasionale Kommissaris moet jaarliks aan die Parlement oor die

voldoeningsmaatreëls ingevolge artikel 95 verslag doen, asook oor ondersoeke en vervolgings ingevolge artikels 95A en 95B.

Ingevolge artikel 123 van Wet 111 van 1998 mag niemand enige inligting oor korrektiewe sentrums of die lewe van 'n spesifieke ingehoudene publiseer nie, ook nie terwyl daardie persoon onder korrektiewe toesig vrygelaat is nie, alvorens toestemming van die Nasionale Kommissaris bekom is nie. Besware wat voorheen na die Inspekterende Regter verwys is, sal nou na die Minister vir sy of haar beslissing verwys word (a 123 gewysig deur a 80).

Teen 2010 sal daar vier nuwe korrektiewe sentrums opgerig word wat ongeveer 15 000 ingehoudenes sal kan huisves. Dit sal die staat ongeveer R10 miljard kos (*Legalbrief Today* (2009-02-17)). In die tydperk van Desember 2008 tot Januarie 2009 sou 9 000 verhoorafwagtende gevangenes aan wie borgtog van minder as R2 500 toegeken is, vrygelaat word. Die doel van die vrylating was om die las op oorvol gevangenisse te verlig (*Legalbrief Today* (2008-11-20)).

## Wapens

Die Wet op die Verbod op of die Beperking van Sekere Konvensionele Wapens 18 van 2008 is in die *Staatskoerant* gepubliseer (*SK* 31508 van 2008-1-13). Die wet gee beslag aan die *Convention on Prohibition or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons Which May be Deemed to be Excessively Injurious or to Have Indiscriminate Effects* wat deur Suid-Afrika onderteken is. Die wet het onder meer ten doel om die gebruik, ophoop, vervaardiging, ontwikkeling, verkrying en oorplasing van verbode wapens en verblindende laserwapens te verbied (a 2(c) en 8). 'Verbode wapens' sluit onder meer 'nie-opspoorbare skerwe' en 'myne, fopmyne of ander toestelle' soos omskryf in artikels 5 en 6 (gelees met a 1) in. Verder word die gebruik van brandwapens teen burgerlikes verbied en mag woude en ander plantbedekking nie deur brandwapens geteiken word nie (a 7). Die Minister mag persone van die werking van die wet vrystel (a 13). Persone wat die wet oortree kan 'n boete of gevangenisstraf van 15 jaar opgelê word (a 9). Indien enige van die tipe wapens in 'n persoon se besit gevind word, moet die wapens aan die polisie oorhandig word en word dit aan die staat verbeurd verklaar (a 10).

Die Minister van Verdediging moet jaarliks aan die Minister van Buitelandse Sake en die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies oor Suid-Afrika se voldoening aan die Konvensie verslag doen en hy of sy moet die verslag ook by die Parlement indien (a 11). Die Minister

mag skriftelik enige persoon om inligting versoek en indien die persoon weier om die inligting te verstrek moet die Minister 'n hofbevel verkry om die inligting te bekom (a 12). Die wet tree in werking op 'n datum soos in die *Staatskoerant* bepaal.

## Terrorisme

Soos vereis deur artikel 25 van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004 (Prok 58-61 in *SK* 31748 van 2008-09-30; Prok 4 in *SK* 31834 van 2009-02-04; Prok 5-7 in *SK* 31835 van 2009-02-03) is daar kennis gegee van die identifisering van sekere organisasies of persone wat dade van terrorisme verrig het of wat poog om dit te verrig of wat sodanige handelinge verrig. Dit is ooreenkomstig 'n resolusie van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies waarvolgens lidstate onderneem om op te tree.

*Willemien du Plessis (NWU (Potchefstroom))*
*Juanita Pienaar (US)*
*Nic Olivier (UP)*